

# DIE KOOPKRAG VAN KORING

Deur

**Dr PHILIP THEUNISSEN**  
**COMPUTUS BESTUURSINLIGTING (EDMS) BPK**  
**www.computus.info**

---

Oor die afgelope sewe jaar kon koringboere net een keer, in 2001/02, meer koring produseer as wat benodig is vir die binnelandse vraag. Daarom behoort koring se prys dus baie hoog te wees om aan vraag en aanbod die geleentheid te gee om ewewig te soek. Tog is dit nie die geval nie en wil dit voorkom of die koringprys daal namate die tekort groter word. Die rede hiervoor is dat binnelandse koringpryse nie die geleentheid kry om self sy prys te bepaal nie omdat invoerpariteit die prys dikteer. Die gevolg is dat 'n ton koring algaande sy koopkrug verloor het en dat dit vir die boer, veral ten tye van lae opbrengste, nie die moeite werd is om koring te plant nie.

## Vraag en aanbod

Die vraag na koring vir die Suid-Afrikaanse mark is ongeveer 2.4 miljoen ton per jaar. Soos in die tabel aangedui was die aanbod van koring vir die afgelope twee seisoene slegs 1,7 en 1,5 miljoen ton. In 2003/04 was die prys van koring gemiddeld R1,509 per ton terwyl dit in 2004/05 na R1,171 per ton gedaal het. In 2003/04, toe daar 'n tekort van slegs 79,255 ton vir die jaar was, was die gemiddelde prys R1,361 per ton gewees.


**TABEL: OESGROOTE VAN KORING**

Jaar	Area	Oes	Tekort	Prys*
	Ha	Ton	Ton	Rand/ton
2004/05	829200	1699280	-700720	1171.27
2003/04	748000	1540000	-860000	1509.92
2002/03	941100	2320745	-79255	1361.30
2001/02	959400	2492880	92880	1090.94
2000/01	860000	2122440	-277560	895.00
1999/00	718000	1725000	-675000	817.00
1998/99	748000	1531000	-869000	1000.00

Tekorte in die Suid-Afrikaanse mark kan baie maklik vanuit wêreldmarkte aangevul word omdat internasionale voorrade tans hoog is. Suid-Afrikaanse meulenaars stel elke jaar 'n kultivarlys vry van koring wat hulle bereid is om van Suid-Afrikaanse boere aan te koop en hierdie koring moet aan sekere vereistes voldoen. Ongelukkig word dieselfde vereistes nie altyd ten opsigte van ingevoerde koring gehandhaaf nie en word plaaslike koring dan met ingevoerde koring vermeng om die kwaliteit van laasgenoemde te verhoog. Die Suid-Afrikaanse koringboer kry nie altyd prysgewys die premie wat hom toekom vir die hoë kwaliteit koring wat hy lewer nie. Die uiteinde is dat die invoerpariteitsprys van internasionale koring, ongeag die kwaliteit, die maatstaf is waarvolgens die prysvasstelling van koring geskied en dus nie plaaslike vraag- en aanbodsfaktore nie.

## Winsgewendheid

Die winsgewendheid van koring in die Oos-Vrystaat word in Figuur 1 aangetoon.



Die vertakkingsmarge (wins/ha) van koring in die Oos-Vrystaat het in 2002, maar veral in 2003, hoogtepunte van R1,369 en R1,605 per hektaar bereik waarna dit in 2004 en 2005 tot verliese van R315 en R607 per hektaar gedaal het. Hoewel die prys per ton in 2005, na 'n hoogtepunt in 2004, gedaal het, is die grootste oorsaak van die verliese die lae opbrengs van koring as gevolg van droogtetoestande.


Die totale produksiekoste van koring het vanaf 2001 geleidelik gestyg vanaf R1,291 per hektaar tot R2,248 per hektaar in 2004. Daar was 'n geringe daling in 2005 na R2,012 per hektaar. Die afgelope twee jaar kon koringboere in die Oos-Vrystaat dus nie 'n wins maak nie ten spyte van die feit dat die plaaslike vraag na koring die aanbod daarvan by verre oorskry het. Die lae opbrengs is dus nie deur 'n hoër prys gekompenseer nie, soos wat die geval in 'n vrye mark behoort te wees.

## Koopkrag

Die inkomste uit koring is die resultaat van prys maal hoeveelheid. Dit word gerealiseer uit die opbrengs per hektaar vermenigvuldig met die prys per ton. Die koste om koring te produseer kan ook aan die opbrengs per hektaar gekoppel word. In Figuur 2 word aangedui dat daar ongeveer 1.5 ton koring teen die gemiddelde prys van die betrokke jaar verkoop moet word om die totale uitgawes per hektaar te delg. Hoewel dit 1,9 ton per hektaar in 1999 was, het dit eers afgeplat maar toon die die afgelope vier jaar weer 'n geleidelike styging. Die koopkrag van koring, in terme van produksiekoste, was 1,7 ton per hektaar in 2005 gewees. Die boer het dus 'n minimum van 1,7 ton per hektaar teen 'n prys van R1,171 per ton nodig om sy produksiekoste te delg terwyl sy werklike opbrengs maar 1,2 ton per hektaar was. Vandaar dus die verlies van R607 per hektaar.


In 2002 en 2003 was die opbrengs van koring van so 'n aard dat die boer sy uitgawes gemaklik kon betaal. Die opbrengs van 2,7 ton per hektaar het die boer nog met 'n addisionele 1,2 ton gelaat waaruit hy sy kapitaal en bestuur mee kon vergoed. In 2004 en 2005 kon koring nie eens die produksiekoste terug koop nie en was die boer met tekorte van 0,2 en 0,5 ton per hektaar gelaat.

Koring kon in hierdie twee jare dus nie 'n bydrae tot kapitaal- en bestuursvergoeding lewer nie, weer eens, ten spyte van die feit dat die nasionale aanbod 860,000 en 700,000 ton te min was.



### Koste van 'n Kilo Watt

Die plaaslike boer ontvang bloot net 'n invoerpariteitsprys vir sy koring, ongeag sy produksiekoste of plaaslike vraag en aanbod. Met hierdie prys kon die boer die afgelope twee jaar nie sy produksiekoste delg nie en was daar 'n tekort voordat kapitaalgoedere aangekoop kon word. Die pryse van trekkers het vanaf 2001 na 2002 'n skerp styging getoon toe die Rand dramaties teenoor ander geldeenhede verswak het. Sedertdien het die Rand weer aansienlik versterk en het trekkerpryse eers gestabiliseer waarna dit in 2003 en 2004 gedaal het, soos in Figuur 3 aangetoon.



Die gevolg van die lae koringprys van 2005 is egter dat die boer steeds ongeveer 4 ton koring benodig om een kilo Watt trekkerkrag te koop, soos wat in 2002 met die hoë wisselkoers die geval was. In 2004 kon die boer een kilo Watt met 3 ton koring koop.

### **Gelyke speelveld**

Die lae invoerpariteitsprys van koring in 2005 is die gevolg van die sterk Rand wat vir die betrokke seisoen meestal onder R6.00 teenoor die VSA se dollar was. Daarmee saam is daar 'n ooraanbod van koring op internasionale markte en kon koring uit veral Argentinië laer as die produksiekoste van plaaslike koring ingevoer word. Koringpryse van 2004 en 2005 is dus geensins deur die lae plaaslike opbrengste as gevolg van die droogte geraak nie.

Die vraag is nou hoe wyd strek vraag en aanbod? Moet die kring net om Suid-Afrika getrek word of behels vraag en aanbod dat die koringboer met internasionale produsente om sy eie plaaslike mark moet kompeteer?

As die speelveld gelyk is, het die Suid-Afrikaanse boer nie 'n verskoning om internasionaal te kompeteer nie. Die feit is egter dat die meeste oorsese lande hulle boere swaar subsideer en dat hierdie boere se produksiekoste dus aansienlik laer as Suid-Afrika s'n is. Tweedens is klimaatstoestande in Suid-Afrika baie meer wisselvallig as by sy kompeteerders. Derdens het negatiewe arbeidswette die Suid-Afrikaanse boer se loonuitgawe onkompeteerd ten opsigte van sy konkurente soos Argentinië gemaak.

Internasionale vraag en aanbod se markkragte is dus nie tans billik teenoor die Suid-Afrikaanse koringboer nie. Dit maak dat ingevoerde koring die plaaslike koringprys se koopkrag afgedruk het tot onder die vlak waar koring nog winsgewend in Suid-Afrika verbou kan word.

---

**BETHLEHEM**  
**27 APRIL 2005**